# Die aktualisering van intelligensie by die kind: 'n Psigologies-pedagogiese perspektief

Universiteit van Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

C. A. van der Merwe

I. *Inleidende probleemstelling:*
Ten aanvang word slegs kortliks[1] verwys na enkele gangbare opvattinge aangaande intelligensie soos veral gehuldig deur die bewussynspsigologie. Deur die daarstelling van *definisies* word intelligensie beskryf as 'n sg. vermoë of kapasiteit wat die mens in staat stel tot beter aanpassing aan sy omgewing en staan dit ook in verband met leer, denke en sg. doelgerigte aktiwiteite. Dit is verder bekend dat intelligensie as geïsoleerde *kognitiewe* substans benader word, *gemeet* word en dat kinders op grond daarvan *geklassifiseer* word, veral ter wille van hul formele onderrig. 'n I.K.-syfer as prestasiepeil word dus verkry en oor die wese van intelligensie word weinig, indien enigiets gesê. Hierdie substansialistiese benadering gegrond op 'n sciëntisties georiënteerde antropologie met 'n gevolglike natuurwetenskaplike ondersoekmetode is algeheel onaanvaarbaar. Die mens as gesitueerde wese, met ander woorde die mens-wêreld-relasie word ontken en die mens word benader as 'n bio-psigiese organisme wat sekere bewussynsfunksies besit wat afsonderlik bestudeer en gemeet kan word.

Daar gaan deesdae wel stemme op vir 'n meer kwalitatiewe evaluering van intelligensie-prestasies, soos bv. voorgestel deur ondersoekers soos Chorus,[2] Swart,[3] Steenkamp[4] en sommige Anglo-Amerikaanse ondersoekers,[5] maar weinig van hierdie persone hou rekening met die feit dat intelligensie slegs 'n moontlikheid is wat nog geaktualiseer moet word en dat dit 'n wyse is waarop die mens as totaliteit-in-kommunikasie in verhouding tree tot sy wêreld. 'n *Pedagogiese evaluering* (sien verderaan) van die intelligensie-aktualisering sal noodwendig moet plaasvind om reg aan hierdie saak te laat geskied.

II. *'n Fenomenologiese deurskouing van die intelligensie-fenomeen:*
a. *Inleiding:*
Wanneer die antropologiese fenomeen, intelligensie, ('n vooronderstelling[6]) na sy wese deurskou wil word, sal die volgende vraag eers beantwoord moet word: Wat is die oorspronklike voorwaarde vir mens-wees, of wat is die eerste grondvoorwaarde vir mens-wees wat al sy synswyses ten grondslag lê? In-die-wêreld-wees of Dasein is die algemene moontlikheidsvoorwaarde vir mens-wees-in-lewenswerklikheid, en gevolglik kan elke beskrywing wat nie rekening hiermee hou nie, as oneg en onwaar gekwalifiseer word.[7]

Wie mens sê, sê wêreld en wie wêreld sê, sê mens of daar word in 'n subjektiwisme enersyds of objektivisme andersyds verval en die mens as Dasein, die eerste werklikheids- of ontologiese kategorie word ontken, wat nie moontlik is nie. Wie postuleer dat daar tog wêreld is sonder die mens, se postulaat gaan nie op nie want 'is' dui op 'syn' en 'syn' het geen ander betekenis nie as syn-vir-die-mens.[8] Maar syn is werklikheid en dus wil die volgende begrippe as sinonieme gestel word: werklikheid, lewenswerklikheid, wêreld, die leefwêreld. Die leefwêreld is dan ook die oergrond vir die eie lewe en is voorgegewene tot alle skouing, kenning, besinning, met ander waarde tot alle wetenskap.[9]

Op grond van die mens se oersynsgerelasioneerdheid stig elke mens as totaliteit in kommunikasie met verloop van tyd wêreldverhoudinge wat as dié besondere mens se leefwêreld bestempel kan word. Sonnekus[10] beskryf 'n

mens se leefwêreld as dié wêreld wat deur elke subjek intensioneel gestig en gekonstitueer word in al sy verhoudinge tot die syndes waartoe hy hom rig, bv. die ander, dinge, plante, diere. Deur *belewing* as singewing van die lewenswerklikheid stig elke mens met ander woorde sy *beleweniswêreld.* Mý leefwêreld is dus sinoniem met beleweniswêreld. Indien daar wel 'n onderskeiding tussen die twee begrippe gemaak wil word, kan gemeld word dat 'my leefwêreld' moontlik 'n meer fenomenologies antropologiese perspektief is, terwyl beleweniswêreld 'n meer fenomenologies psigologiese (of wordingspsigologiese) perspektief is waar belewing een van die grondkategorieë van die genoemde psigologiese denkrigting is.

Daar word van die vooronderstelling uitgegaan dat intelligensie 'n oerfenomeen, 'n ontiese gegewenheid, 'n antropologiese synsfeit is. As sodanig is die intelligensie-fenomeen dus denkend-besinnend toeganklik, slegs langs fenomenologiese weg, aangesien die fenomenologie 'n wysgerige kenmetode is waarsonder die ontologie of werklikheidsleer die moontlik is nie. Wanneer daar dus deurgedring wil word tot wat intelligensie en meer spesifiek intelligensie-aktualisering werklik-essensieel is, moet die intelligensie-fenomeen en niks anders nie as vertrekpunt geneem word. Om te verhoed dat daar in 'n substansialisme verval word, moet in gedagte gehou word dat die mens as Dasein grondvoorwaarde vir menswees is. Intelligensie-aktualisering is dus 'n synswyse. Die mens as totaliteit-in-kommunikasie is dus ook intelligensie-in-kommunikasie en om tot 'n beeld te geraak van wat intelligensie en intelligensie-aktualisering werklik essensieel is, sal die kind in sy situasionele gerelasioneerdheid deurskou moet word, daar sal met ander woorde 'n deurskouing gemaak moet word van die kind se beleweniswêreld. Die kind as sy intelligensie *beleef* dus gedurig die werklikheid waarin hy staan waardeur hy sy moontlikhede (respektiewelik intelligensie) *aktualiseer* en dus gedurig kind-in-*wording* is.

Die begrippe, *belewing, aktualisering* en *wording* dien kortliks bespreek te word. *Belewing* word deur Pretorius* beskryf as die personale (paties, gnosties, normatiewe) intensionele (singewend, sinnemend, stellingnemend) kontinue akt van bewuswees van die werklikheid. Dit impliseer dan ook dat die kind op grond van sy fundamentele openheid en op grond van die feit dat hy inisiatief van verhoudinge en intensionaliteit is gedurig antwoord op die appèl wat tot hom gerig word vanuit die werklikheid en hy dusdoende beleweniswêreld stig. Hierdie antwoord wat die kind gee as behoorlikheidsantwoord (wat 'n pedagogiese opgaaf inhou – sien verderaan) beteken die *aktualisering* van moontlikhede tot nuwe moontlikhede en bly hy dus steeds kind-in-*wording*. Soos die kind dus verantwoordbaar beleweniswêreld stig, word hy, 'n selfwording deur en na sy Skepper, die ander en die dinge. Gee die kind nie 'n antwoord as behoorlikheidsantwoord nie, stig hy met ander woorde nie verantwoordbaar beleweniswêreld nie, *verword* hy. In dié bespreking is wording dus aan die orde gestel as ontologies-antropologiese synsfeit waardeur iets werklik essensieels van menswees gesê is, in teenstelling met die gangbare ontwikkelingspsigologie wat dié aangeleentheid as 'n rypingsproses sien en mens van wêreld skei en veral sy belewing van wêreld negeer.

In die lig van die bespreking tot dusver word intelligensie dus beskou as 'n moontlikheid wat geaktualiseer moet word en is dit dus terselfdertyd 'n synswyse. Daar sal dus oorgegaan moet word tot 'n fenomenologiese deurskouing van die oorspronklike belewinge van die kind soos dit tot vergestalting en openbaring kom in die stigting van beleweniswêreld van die kind-in-wording met die fokuspunt op die aktualisering van intelligensie as synswyse.

Waar die *kognitiewe* synswyse primêr belig sal moet word, sal daar ook veral aandag gegee moet word aan ander synswyses aangesien die verskillende synswyses as grondstrukture van die Dasein slegs in en deur mekaar begryp word, daar dit 'n onverdeelde, dinamies-wisselwerken-

* Pretorius, J. W. M.: Belewing as moment in die leefwêreld van die kind: 'n psisologies-pedagogiese studie. Ongepubliseerde D. Ed.-Proefskrif, Fakt. Opvoedkunde Universiteit van Pretoria 1970.

de en 'n van-mekaar-afhankelike eenheid is. Die kind se affektiewe uitgaan tot sy wêreld sal veral onder oë geneem moet word, asook sy taal as konkretisering van een van die grondstrukture van die Dasein[11] en wat by uitstek aktualiseringsmiddel van die intelligensie en dus ook 'n wyse van singewende eksistensie is.[12] Op grond van die innige verbondenheid van taal en *denke* (dink) sal ook lg. as synswyse deurskou moet word.

*b. 'n Wordingspsigologiese as psigologies-pedagogiese deurskouing van intelligensie-aktualisering by die kind:*

1. *Inleiding:*

Die *behoorlike* ontvouing van die Dasein, met ander woorde adekwate (wat ook impliseer die behoorlike) aktualisering van moontlikhede en dus ook van intelligensie, hou'n *pedagogiese* opgaaf in.

Waar 'n volwassene en nie-volwassene in egte kommunikasie verkeer, ontstaan 'n pedagogiese situasie waaruit opvoedingshandelinge moet voortvloei. Hierdie handelinge vind plaas met die oog op die bevordering van die kind se besigwees met die lewenswerklikheid, dus met sy stigting van beleweniswêreld, singewing, wording, aktualisering van moontlikhede en dus ook van intelligensie. Dit moet steeds voor oë gehou word dat die kind iemand is wat self iemand wil wees[13] en word en ook self iemand behoort te word.[14] Genoemde opvoedingshandeling wat plaasvind binne 'n ken-, vertrouens- en gesagsverhouding is 'n totaliteitshandeling met 'n onderskeibare tweeledige struktuur, nl. opvoeding op *eties-normatiewe* vlak ter *verantwoordelike aktualisering* van moontlike (resp. intelligensie) en opvoeding op 'n *affektiewe* vlak ter bereiking van 'n *bereidheid* tot aktualisering van moontlikhede (resp. intelligensie) met die eventuele doelpunt: die ideële normbeeld van volwassenheid.

2. *Wyses van aktualisering:*

Vervolgens gaan dit dan om 'n eksplisitering van die *wyses* van aktualisering, meer bepaald gesien as wordingspsigologiese problematiek.

A. *Aktualisering as distansiëring:*

In beide sy patiese en gnostiese (sien verderaan) belewinge gaan die kind oor tot singewing aan sy wêreld. Die aktualisering wat ook singewing is, sal dus wissel tussen 'n meer patiese tot 'n meer gnostiese stellingname. Volgens Straus[15] en soos verder uitgewerk deur Sonnekus[16] beteken patiese belewing 'n gevoelde, *voor-kognitiewe* belewing in die kommunikasie met die wêreld. Die *gnostiese* momente van belewing is *kognitief* van aard, dus 'n belewing op 'n meer *gedistansieerde* niveau. Deur die aktualisering van sy moontlikhede en veral deur sy intelligensie-aktualisering *word* die kind en soos hy word, emansipeer hy, distansieer hy hom en wel as gevolg van die pedagogiese hulp en steun van 'n volwassene. Genoemde gedagterigting word kernagtig saamgevat in Langeveld se wordingsmomente,[17] nl. die biologiese moment, die beginsel van hulpeloosheid, die beginsel van veiligheid en die beginsel van eksplorasie (en emansiepasie). Van kleinsaf reeds kom die pedagogies-veilige kind in sy uitgaan tot sy wêreld (eksplorasie) en dus deur sy aktualisering, vanaf 'n patiese hulpeloosheid geleidelik meer tot emansipering, met ander woorde tot *selfdistansiëring* as meer gnostiese stellingname. Distansiëring as dialoogverheffing beteken dus 'n meer vertikale afstandneming deur die kind.

B. *Aktualisering as differensiëring:*

Differensiëring is 'n meer horisontale afstandneming en beteken ook selfdifferensiëring. Hierdie selfdifferensiëring as differensiëring van gerigtheid of intensionaliteit, is dus gerigte wyses van syn waardeur die kind self sy dialoogvoering met die wêreld differensieer.[18] Hier is dus geen sprake van die opvattinge van die gangbare bewussynspsigologie as sou die mens beskik oor sekere funksies wat deur 'n biologies-bepaalde groeiproses tot ryping kom nie. Die selfdifferensiëring impliseer ook dat dit 'n verheffing van sy dialoogvoeringe is en wórd hy dus ook vanweë sy selfdifferensiëring op verskillende wyses in die wêreld. As voorbeelde van sodanige gedifferensieerde wyses van dialoogvoering kan genoem word gewaar-word, waarneem, voorstel,

fantaseer, dink, memoriseer en intelligensie-aktualisering. Hierdie geleidelike differensiëring beteken ook distansiëring nie alleen vanaf die patiese na die gnostiese nie, maar ook 'n patiese wording as sodanig in dié sin dat dit 'n distansiëring is vanaf 'n meer sintuiglik bepaalde patiese ingesteldheid (vitaal-paties, sensopaties) tot 'n minder sintuiglik bepaalde patiese ingesteldheid. So vind daar ook 'n distansiëring plaas ten opsigte van die gnostiese as sodanig in terme van 'n minder gedistansieerde belewing tot 'n meer gedistansieerde belewing.

C. *Gedifferensieerde wyses van belewing:*[19]
Deur die aktualisering van intelligensie as wyse van syn in die wêreld is die kind gelyktydig in verskillende wyses van syn in die wêreld teenwoordig en meer bepaald as wyses van belewing op beide patiese en gnostiese niveaus. Aktualisering as belewing is dus 'n totaliteitsakt waardeur die patiese en gnostiese momente via die belewing tot 'n onderling verbonde en wisselwerkende eenheid, gekoppel word. Die intelligensie-aktualisering op óf meer patiese óf meer gnostiese niveau sal dus die aard van die kind se wording bepaal, synde die wording van 'n kind wat óf in die patiese vasgevang is en dus nie tot verantwoordbare gedying kom nie of wording op 'n meer gnostiese niveau wat die ideële toestand is. Dit moet steeds voor oë gehou word dat intelligensie-aktualisering by uitstek 'n gnostiese stellingname vereis.

1. *Patiese belewingsmomente in die self-aktualisering:*
As eerste patiese belewingsmoment word genoem *gewaar-word.* In navolging van Straus en ook Sonnekus word die werkwoord 'gewaar-word' gebruik en nie die term gewaarwording nie wat beteken sintuiglike indrukke afkomstig van prikkels in die omgewing. Gewaar-word word fenomenologies deurskou deur genoemde ondersoekers as synswyse van die persoon in kommunikasie met sy wêreld. As synswyse staan dit ook in die nouste verband tot die antropologiese kategorieë van deurleefde liggaamlikheid, beleefde beweging, beleefde ruimte en temporaliteit wat dui op die oorwegend patiese inslag van dié belewingsmoment. Die sintuiglike belewinge (skou, hoor, ruik en smaak, tas, gryp, reik en wys) kom as totaliteit tot vergestalting in die synswyse van gewaar-word.

*Fantaseer* en *voorstel* word vervolgens aan die orde gestel as belewingsmomente in die self-aktualisering van die kind in teenstelling met die gangbare opvattinge as sou dit geskeie bewussynsinhoude wees. *Voorstel* beteken 'n verhouding van die persoon tot die werklikheid en wel 'n synswyse tot 'n irreële werklikheid. Voorstel beteken dus die konstituering van 'n irreële werklikheid vanuit die werklikheid. *Fantaseer* is 'n wyse van syn nog meer gedistansieer van die werklikheid as voorstel. Fantasie of verbeelding beteken egter 'n belangrike dimensie van die irreële voorstellingswêreld van die persoon maar dit oorskry die grense van die bewussyn en beteken 'n distansiëring tot die onbekende en selfs tot die onmoontlike wat waarskynlik nooit werklikheid sal word nie. Voorstel sowel as fantaseer is betekenisvol en singewend vir die kind en in beide kom én patiese én gnostiese momente sterk na vore.

'n Kind by wie bogenoemde belewingsmomente as patiese momente oorheers in sy toetrede tot sy wêreld, sal sy intelligensie onderaktualiseer wat ook 'n vertraagde wordingsverloop inhou. (Intelligensie-aktualisering as kognitiewe synswyse vereis by uitstek 'n gnostiese stellingname).

2. *Gnostiese belewingsmomente in die self-aktualisering:*
As belewingsmomente wat by uitstek gnosties is, word waarneem, dink, memoriseer en intelligensie-aktualisering deur bovermelde ondersoekers genoem.

Die gangbare opvatting oor *waarneming* as sou dit 'n proses van prikkel en reaksie wees, is algeheel onaanvaarbaar. *Waarneem* is 'n akt van die persoon wat intensioneel gerig en bepaal is en wat dit in verhouding tussen mens en wêreld voltrek. Dit verskil van gewaar-word in dié sin dat dit op die gedistansieerde, die gnostiese gerig is en daarom 'n kognitiewe wyse van syn is.

In teenstelling tot die opvatting van die gang-

bare bewussynspigologie as sou *denke* 'n bewussynsfunksie wees, word *dink* as aktualiseringswyse vervolgens aan die orde gestel. Hierdie belewingsmoment is by uitstek 'n gnostiese wyse van syn en beteken die soeke na en verkryging van 'n greep op die werklikheid soos dit is. Dink beteken wesenlik 'n transendering van die patiese na die gnostiese waar eersgenoemde slegs 'n gepreformeerde veld (vgl. gewaar-word) is tot die denkende uitgaan van die kind tot die wêreld.

*Memoriseer* word vervolgens genoem as oorwegend gnostiese belewingsmoment in die selfaktualisering van die kind. Dit gaan dus nie om die *geheue* as bewussynsfunksie soos voorgestaan deur die bewussynspsigologie nie maar om memoriseer as menslike synshandeling. Memoriseer word gepostuleer as 'n kognitiewe wyse van syn as gedistansieerde gnostiese wyse van syn, waar die persoon in sy aktualisering daarvan in 'n tweeledige verhouding tot sy tydsbelewing tree: die memoriseringsakt as belewing van die hede en die gememoriseerde as belewing van die verlede. Weens sy temporale verhoudingskarakter is die gememoriseerde altyd 'n relasie of 'n verhouding, te wete die persoon se historisiteit as geskiedenis van sý verhoudinge, binne die temporale horison van sy personale tyd. Hierdie gememoriseerde personale tydsbelewing staan in die nouste verband tot die kind in sy wording en memorisering is dan wesenlik besinning, denke, terugkaatsing, weerspieëling van die eie wording in tyd.[20] Ten opsigte van memoriseer meld Straus verder dat die persoon in sy omgang met die werklikheid, veral die merkwaardige, opmerklike, die *nuwere* as die beteknisvolle onthou. Laasgenoemde opvatting dui daarop dat memoriseer in 'n noue verband staan tot intelligensieaktualisering. Die opvatting aangaande memorisering as sou dit eweredig met herhaling toeneem en dat die 'geheuevlak' van verstandelik minder goed bedeelde kinders dikwels hoër lê as hulle intelligensiepeil, is gedagerigtings wat nie meer aanvaar word nie.[12]

Laastens word *aktualisering van intelligensie* kortliks genoem as oorwegend gnostiese belewingsmoment. Sonnekus[22] stel dit soos volg: 'Intelligensie is 'n kognitiewe wyse van syn, synde 'n krag ter deurbreking van situasies, wat ter beskikking van die kind is. Die aktualisering van hierdie deurbrekingskrag, as kognitiewe synswyse, is egter onderhewig aan die intensionele gerigtheid van die kind, 'n belewenis op gnostiese niveau dog gerugsteun deur die patiese belewing'. *Sintese:* Adekwate intelligensie-aktualisering as gnostiese belewingsmoment moet dus noodwendigerwys deur die ander gnostiese momente gerugsteun word. Indien die kind vanweë 'n patiese vasgevangenheid nie tot genoemde gnostiese belewingsmomente kan kom nie, lei dit tot 'n onderaktualisering van die intelligensie as moontlikheid.

D. *Intelligensie-aktualiseringsmiddele:*

1. *Taal as aktualiseringsmiddel:*

Taal is 'n geestelike aangeleentheid[23] wat impliseer dat die persoon as totaliteit kommunikeer met sy wêreld deur klanksimbole. Een van die belangrikste aspekte van taal as simboliese aangeleentheid is om distansiëring tussen 'n ek en die ander of die dinge te bewerkstellig.[24] Taal stel mens dus in staat om eksistensieel ten aansien van die ander en die dinge stelling in te neem wat inhou dat daar meteens 'n bepaalde gestalte aan gegee word en 'n eie wêreldbeeld opgebou word.[25] Taal is met ander woorde konstitueringsmiddel en dus tegelyk ook aktualiseringsmiddel en distansiëringsmiddel. Beskik die kind dus oor 'n swak taalbeheersing, beskik hy oor 'n gebrekkige intelligensie-aktualiseringsmiddel met 'n gevolglike onder-aktualisering van die intelligensie en kan daar dus maklik tot 'n wanindruk geraak word betreffende 'n kind se intelligensiemoontlikheid.

2. *Taal as denkmiddel ter aktualisering van die intelligensie:*

Waar taal ter sprake is, kan *denke* (dink) nie negeer word nie. As aangeleentheid van wêreldstigting gebeur dit, onder andere deur die naamgewing, dat taal medium is vir die kennende en onderskeidende omgang met die wêreld.[26] As middel van die kennende bewussyn, is taal ook middel van die rangskikkende en ordende ver-

stand en kry die verhouding taal denke onder meer 'n vaste vorm in die taaluiting as bewys van sowel die omvang as die inhoud en diepte van die *kognitiewe* lewe.[27] Sonnekus[28] som die parallellisme tussen taal en denke (dink) raak op as hy verklaar dat taalverwerwing regstreeks in diens staan van die denkverloop en wel in dié sin dat dit die distansiëring en transendering van die problematiese verhoudinge tot die werklikheid waarvoor die kind te staan kom, bevorder tot *begripsverhoudinge*. In hierdie konfrontering met die wêreld – 'n chaotiese wêreld van aanskoulikhede – word dit deur die benoemingsakt tot orde omstruktureer, en alhoewel die naamgewing reeds 'n basiese bevryding van die konkrete is, geskied daar aan die hand van die reeds verworwe taalsimbool, 'n verdere abstrahering plaas[29] wat direk verband hou met dink. So meld Nel[30] tereg dat denke sonder taal stagneer en nie tot ontplooiing kom nie, maar dat aan die anderkant taal ook glad nie ontplooi as daar geen denke is waaruit die taalvorm kan kristaliseer nie. Taalontplooiing hou dus regstreeks en wedersyds verband met denkontvouing. As sodanig is dink dus 'n mede intelligensie-aktualiseringsmiddel en waar dit ook reeds aan die orde gestel is as gnostiese belewingswyse het die grootlikse afwesigheid van dink 'n onderaktualisering van die intelligensie tot gevolg.

3. *Taal as affektiwiteitsmiddel ter aktualisering van die intelligensie:*

Die mens is ook en veral affektief in die wêreld en is sy dialoog met sy wêreld dus veral 'n affektief deurstemde dialoog. Die affektiewe ekspressie van die mens openbaar sigself op sy beste in die taal, sy dit klank of simbool, sodat affek en taal 'n besondere nou verwantskap openbaar.[31] Waar 'n kind nie affektief tot adekwate gedying kom nie, sal sy taalbeheersing daaronder ly met 'n gevolglike nie-adekwate aktualisering van sy intelligensie. Dit is ook belangrik om te meld dat die persoon as sy affektiwiteit in 'n groot mate sy kognitiewe moontlikhede rig, en bring dit dus ook die aktualisering van sy intelligensie na vore. Daar moet by die kind 'n affektiewe bereidheid wees tot intelligensie-aktualisering.

III. *Sintese en perspektief:*

Uit die betoog tot dusver behoort dit heel duidelik te wees dat daar in 'n pedodiagnostiseringssituasie met die kind getree sal moet word indien daar tot 'n totaliteitsbeeld geraak wil word van die kind se intelligensie-aktualisering en meer spesifiek, van die paties-gnostiese belewingsmomente in die intelligensie-aktualisering as gedifferensieerde wyses van aktualisering. As sodanig sal die beleweniswêreld van die kind dus *fenomenologies* deurskou moet word om tot 'n *werklikheidsbeeld* te geraak van die wyses waarop die intelligensie-aktualisering tot vergestalting kom. Die verkryging van sodanige werklikheidsbeeld, of 'n beeld van intelligensie-aktualisering wat in elk geval veel nader aan die werklikheid is as 'n beeld verkry deur 'n nie-fenomenologiese ondersoeker, hou egter verder in dat 'n *pedagogiese evaluering* noodwendig gedoen sal moet word, uiteraard deur 'n fenomenoloog-pedagoog. Die beeld wat verkry is van die paties-gnostiese belewensmomente in die intelligensie-aktualisering van die kind is met ander woorde slegs 'n beeld wat dui op 'n kognitiewe moontlikheid. 'n Pedagogiese evaluering is dan noodsaaklik om te bepaal of die kind tot *verantwoordbare* intelligensie-aktualisering kom.

Juis langs die weg van patiese en/of gnostiese aktualisering kom die kind tot *singewing* in sy intelligensie-aktualisering. Die feit dat elke mens ook in sy intelligensie-aktualisering sin gee en beleef, is 'n belangrike eksistensiële aangeleentheid wat nie uit die oog verloor mag word nie. Die vraag is dan of die kind-in-wording in sy singewing skade gely het? Kom hy met ander woorde tot verantwoordbare aktualisering en singewing? Hierdie vraagstuk kan nie aan die hand van media (sg. „toetse") deurskou word nie maar daar sal gekom moet word tot 'n pedagogiese evaluering wat impliseer 'n evaluering van die struktuur van die opvoedingsituasie waarin die besondere kind hom bevind. Daar sal onder meer gelet moet word op die struktuur van die *affektiewe opvoeding*. Die aard van die affektiewe opvoeding sal bv. die kind se patiese gepreformeerdheid as aanloop tot ('n affektiewe bereidheid tot) die gnostiese aktualisering regstreeks raak. 'n Kind se

oorwegend patiese ingesteldheid kán dus na nie-adekwate affektiewe opvoeding van die kind heenwys. Die kind wat vanweë sy affektiewe opvoeding tot veiligheidsbelewing kom, sal sy intelligensie meer adekwaat aktualiseer as 'n niesodanige kind. Ook sal daar veral gelet moet word op die *normatiewe opvoeding* van die kind. Die vraag hier is of die kind adekwaat opgevoed word aan die hand van norme wat daartoe lei dat hy sy intelligensie verantwoordelik aktualiseer.

Dit kom dus daarop neer dat die intelligensie-aktualisering van die kind in sy *pedagogiese gesitueerdheid* deurskou sal moet word om te bef paal of die kind tot *adekwate intelligensie-aktualisering* in sy stigting van *beleweniswêreld* kom en of die kind dus tot verantwoordbare gedying of *wording* kom as kind op weg na *volwassenheid.*

*Literatuurverwysinge:*


1. Sien verder die volgende werke:
   *a.* Nel, B. F., Sonnekus, M. C. H. en Garbers, J. G.: Grondslae van die psigologie; Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch – Grahamstad, 1965; hfst. 10.
   *b.* Sonnekus, M. C. H.: Intelligensie-implementering en evaluering van intelligensie-prestasies: 'n pedagogiese perspektief; in: Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol. I, nr. 1.
2. Chorus, A.: Intelligensie-onderzoek en zijn kwalitatieve verdieping; Utrecht, 1948.
3. Swart, E. J.: Kwalitatiewe analise by die intelligensieondersoek van kinders; Opvoedkundige Studies nr. 40, U.P., Pretoria, 1964.
4. Steenkamp, W. L.: 'n Kwalitatiewe ontleding van intelligensieprestasies deur middel van die Nuwe S.A. Individuele Skaal: 'n pedagogies-psigologiese evaluering; Annale, U.S., Stellenbosch, 1967.
5. Vgl. Swart, E. J.: a.w.; p. 24.
6. Vgl. verder: Landman, W. A. en Gous, S. J.: Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek; Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg, 1969, p. 58.
7. Ibid; p. 53.
8. Heidegger, M.: soos aangehaal deur Luijpen, W.: Existentiële Fenomenologie; Aula-boeken, Utrecht-Antwerpen, 7e druk; p. 41.
9. Gous, S. J.: Die skool as weg tot wêreldontwerp in didaktiespedagogiese perspektief; ongepubliseerde M. Ed.-verhandeling, U.P. 1967; p. 26.
10. Sonnekus, M. C. H.: Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld; Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1968; p. 20.
11. Kockelmans, A.: Martin Heidegger; Lannoo, Tielt/Den Haag, 1961; p. 72.
12. Kwant, R. C.: Fenomenologie van de taal; Aula Boeken, Utrecht-Antwerpen, 1960; p. 33.
13. Langeveld, M. J.: Beknopte Theoretische Paedagogiek; Wolters-Groningen, 1965; p. 99.
14. Vgl. Oberholzer, C. K.: Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek; H. A. U. M. Kaapstad, 1968; hfst. 3.
15. Straus, E. W.: Phenomenological Psychology, Selected Papers, Tavistock Publications, London, 1966.
16. Sonnekus, M. C. H.: a.w.; p. 62.
17. Langeveld, M. J.: Ontwikkelingspsychologie; Wolters-Groningen, 1963.
18. Sonnekus, M. C. H.: a.w.; p. 53.
19. Bespreek n.a.v. die sieninge van:
   *a.* Sonnekus, M. C. H.: a.w., en
   *b.* Straus, E. W.: a.w.
20. Sonnekus, M. C. H.: a.w. p. 88.
21. Nel, B. F., Sonnekus, M. C. H. en Garbers, J. G.: a.w. hfst. 9.
22. Sonnekus, M. C. H.: a.w.; p. 78.
23. Nel, B. F. en Van der Stoep, F.: Wêreldverhouding en taalimplementering by die dowe kind; N. G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1966; p. 20.
24. Van der Stoep, F.: Taalanalise en taalevaluering as pedagogies-didaktiese diagnostiseringsmetode; H. A. U. M., Pretoria, 1965,; p. 14.
25. Ibid; p. 26.
26. Nel, B. F. en Van der Stoep, F.: a.w.; p. 58.
27. Ibid.; p. 58.
28. Sonnekus, M. C. H.: a.w.; p. 73.
29. Stander, G.: Inleiding tot die Taalpsigologie; Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk; Stellenbosch, 1967, p. 53.
30. Nel, B. F. en Van der Stoep, F.: a.w.; p. 26.
31. Sien verder Van der Stoep, F.: a.w.; p. 49.